Volta à Bíblia

Mantém os teus olhos em Jesus - Heb 12:2

Centro de Formação

# Knie-werk…

Mei 2015

*"Julle is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig" 1Pet 2:9*

**Terugvoer:**

Ons 3 maande studente het n mooi gradeplegtigheid gehad die 2de Mei. Nilza het 'n kragtige persoonlike getuienis gegee van God se tranformasie werk in haar lewe. Elkeen het nou teruggekeer na sy kerk en gemeenskap. Bid dat hulle sal leef wat God hulle gemaak het om te wees (1Pet 2:9).






'n Groot vreugde vir ons almal was Samuel en Sarah wat saam kon gradueer. Hy was 'n student by ons in 2012 maar het nie gegradueer nie oor dinge in sy lewe nie uitgestryk was nie. Sy pastor kon egter nou getuig van 'n transformasie wat ons ook kon sien. Dit was heerlik om hulle op hierdie manier te kon aanmoedig.



**Nuwe sake:**

Martiens Machava, een van ons oud-studente is baie ernstig siek. Ten spyte van sy kritieke toestand laat hy nie 'n geleentheid verbygaan om oor Jesus en die waarheid te getuig nie. Bid vir hom en sy familie. (Sy vrou is oorlede 'n paar jaar gelede)

Die 31ste Mei vertrek ons weer met ons studente na die Noorde van Mosambiek vir hulle Sending prakties. Ons gaan leef en werk onder die Makuas in die Niassa provinsie. Die uitdagings is reusagtig: Behalwe die 2500km soontoe is daar nog taal, kultuur en geloof verskille (dis 'n hoofsaaklik Moslem gemeenskap). Feitlik alles is totaal anders as ons mense se "normaal". Bid dat die Here sy



liefde in almal se harte sal uitstort, dat Hy harte sal sag en gereed maak vir Sy waarheid.



Die Here druk dit swaar op ons harte om met biskop Macambaco van die Sioniste kerk te gaan gesels oor sy toewyding aan die Here. Die Biskop kom woon per geleentheid klasse by by ons. Bid saam met ons dat die Here ’n buitengewone werk in hulle harte sal doen wat hul kerk op ’n nuwe pad van toewyding aan die Here alleen sal sit. Sy vrou veral is baie sterk gekant teen die Evangelie van Jesus alleen.

Hierdie week werk ons almal in verskillende rigtings: Ek hou Pinksterdienste in Lephalale (Ellisras, Suid Afrika); ’n span van ons manne hou ’n seminaar in Mahelane (Maputo provinsie) en die studente is besig om die briewe aan Timoteus te bestudeer. Carol doen veral diens as plaaslike ambulansbestuurder deesdae. Bid saam met ons dat die Here harte sal verander en sal nuut maak op al hierdie plekke waar ons besig is in hierdie tyd.

Dankie vir julle belangstelling in die werk, julle liefde en gebede!

Liefdegroete
Willem & Carol